Tema: God wil dat jy jou toewy aan gehoorsaamheid (geregtigheid) want dit is vir Hom een van die belangrikste sake in sy koninkryk!

Vooraf sang
Lied 184: 1,2,4
Lied 428: 1,3,4.

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Sb 10 – 1: 1,2 (mel Ps. 50 – 1, 2 de mel)
Votum
Seëngroet
Loflied Ps. 92 – 2:1,5
Geloofsbelydenis
Sing Nuwe Sb "Die Heilige Gees werk" (Mel Liedboek 188)

Verootmoedigingsdiens
Wet – fokus op 3de Gebod
Lees Jak 3: 9 – 12
H Kat Sondag 36
Sing Ps. 19 – 3: 5
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing; Romeine 14: 13 – 18
Matteus 5: 6
Psalm 1: 1 – 3 – Louise-Mari Muller
1 Tim 6: 11 – 14.- Pierre Muller
Teks: Romeine 14: 17 – 18
Sing Sb 14 – 3: 3
Woordbediening.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir BnB: Koot van der Walt
Sing Sb 14 – 1: 1,2
Seën
Amen Sb 13 – 3

Geliefde brs en srs en kinders

As ek vanmore vir jou vra: wie in ons gemeente is vir jou ŉ voorbeeld van ŉ gelowige wat absoluut gehoorsaam aan die Here leef, aan wie sou jy dink? Wie sou vir jou ŉ rolmodel wees van iemand wat regtig gehoorsaam aan God lewe?

Terwyl die grootmense oor die vraag nadink **wil ek vir die kinders so vra:** julle weet mos wat die woord "gehoorsaamheid" beteken nê? Wie van julle sal wil sê wat dit beteken?

Gehoorsaamheid beteken om presies te doen wat pappa en mamma my leer om volgens die Bybel te doen!. Ek moet presies doen wat pappa of mamma sê! Nie net bietjie gehoorsaam nie, nie net wanneer ek wil nie, nie net partykeer nie! **Wanneer word ons gewoonlik ongehoorsaam?** Ons maak mos so: as pappa en mamma nie kyk nie of nie by die huis nie, dan doen ons wat nie mag doen nie, nê? **Liewe kinders: nee, ons moet presies gehoorsaam aan God – ons hemelse Vader wees – oral en altyd.**

Br en sr, het jy al aan ŉ rolmodel van ware gehoorsaamheid in die gemeente of in jou lewe gedink? Ek kan by name dink aan lidmate aan die gemeente wat **in sommige aspekte** regtig toegewy aan die Here leef en ook vir my as rolmodel dien. Bv deur hulle getroue erediensbywoning of deur die manier waarop hulle regtig hulle medemens liefhet en dit ook bewys. Ek kan aan lidmate dink wat deur hulle onbaatsugtige dienswerk my skaam maak oor my gebrekkige dienswerk. Ek kan aan lidmate dink wat nooit op die voorgrond tree of baie praat nie, maar wat stilweg hulle medegelowiges in nood help.

Maar ŉ rolmodel van presiese gehoorsaamheid in alle opsigte? Nee, daar is nie nou meer so ŉ mens op aarde nie! **Ons Here Jesus Christus was en is alleen vir ons so ŉ rolmodel van absolute, toegewyde gehoorsaamheid aan ons hemelse Vader!** Gaan kyk maar hoe Hy in alle opsigte aan sy Vader gehoorsaam wees. Dit Bybel stel dit so: Hy was gehoorsaam tot in die dood. Anders gestel: sy gehoorsaamheid het Hom sy dood gekos!

Hoekom moes dit so wees? Nou begin ons die woord "gehoorsaamheid" of soos die ouer vertaling dit stel "geregtigheid" in Rom. 14: 17 verklaar. Ons het **verlede Sondagaand** gesien dat die koninkryk van God nie gaan oor sake soos eet en drink nie met ander woorde strydvrae, rusies en onbelangrike verskille nie. Sulke dinge gee gelowiges en die kerk ŉ slegte naam. Nee, in die koninkryk van God gaan dit om 3 groot fokuspunte naamlik gehoorsaamheid, vrede en vreugde.

En eerste in die ry van belangrikste sake staan "gehoorsaamheid" ! Vir God die heel belangrikste vir iemand wat in sy koninkryk wil wees! **En om dit vir mense moontlik te maak om gehoorsaam te kan wees, het Christus twee dinge kom doen om ons daartoe in staat te stel.**

Eerstens het Hy ons met sy **eie woorde en dade kom wys wat ware en presiese gehoorsaamheid aan God ons Vader beteken**! Hy het vir ons kom wys hoe ons dit moet doen! Net soos ouers hul kinders moet leer wat gehoorsaamheid is sodat die kinders dit kan sien en kan doen – so het Christus vir ons as rolmodel kom optree! **As ek dus wil weet hoe moet ek in 'n sekere situasie optree, dan vra myself af: wat het Christus gedoen?** Julle jongmense, onthou julle nog die armbandjies wat 'n tyd so gewild was met die letters WWJD op. Waarvoor staan daardie WWJD nou weer? "What Would Jesus Do?"

Ons lees in Romeine 14: 18 dat **wanneer ons onsself aan "Christus verslaaf" deur so presies te doen wat Hy gedoen het, dan sal ons God se guns beleef, dit sal vir God vreugde bring en ons sal die goedkeuring en agting van mense verkry deurdat hulle ons as egte en ware gelowiges beleef!**

Geliefdes, ons kan dadelik die spanning in die teks aanvoel want wie van ons volg Christus se voorbeeld volkome? Wie van ons lewe volkome gehoorsaam aan God? Niemand, nê? Nie die beste rolmodel op aarde lewe volkome gehoorsaam aan God nie!

Maar , nou belangrik: wat maak ons nou met hierdie waarheid? Gebruik ons dit as verskoning in ons sondige denke om dan nou maar nie eers te probeer om gehoorsaam aan God te lewe nie? Troos ons onsself verkeerdelik met die gedagte van : ek is nou maar eenmaal so, ek het nou maar hierdie swakheidjie dat ek gou kwaad word, dat ek nie geduld het nie, dat ek te lief is vir geld, dat ek altyd my belange voorop stel of dat ek nie lus is en tyd het om baie opofferinge vir die Here en my naaste te doen nie!

Nee, geliefdes, ons mag nie en ons kan dit ook nie doen! Daar is geen Bybelse regverdiging vir 'n lewe van onvolmaaktheid nie. WANT: Die tweede belangrike werk wat Jesus op aarde kom doen het met sy volmaakte gehoorsaamheid aan God tot die dood is, is dat Hy ons in die regte verhouding met God kom stel het! Hy het juis ons onvolmaakte gehoorsaamheid saam met Hom aan die kruis gespyker en vir die skuld daarvan volkome by God betaal**. God sien ons nie meer na ons onvolmaaktheid nie – God sien ons nou volmaak soos ons in Christus is.**

Dit is hoekom gehoorsaam eerste in die ry staan van die belangrike dinge in die lewe van die koninkryk van God! Dit was een van die primêre doelwitte van God met **Christus se koms na hierdie aarde – om ons weer te maak wat God ons wil hê: gehoorsame burgers in sy ryk!** Kinders wat die Vader liefhet en van harte en toegewyd dien!
Christus het ons in daardie posisie kom stel! Dit is die wonderlike genadeboodskap!

Dit is wat die woord "geregtigheid" of "gehoorsaam" beteken: Christus het namens ons alles kom doen om God tevrede te stel! Hy het namens ons volkome gehoorsaam geleef en vir ons ongehoorsaamheid het Hy betaal**! Vraag 60 van** ons geloofsbelydenis in die Heidelbergse Kategismus stel dit so: God reken my die volkome gehoorsaamheid van Christus toe **"asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het".**

By die verduidelik van die doop vra die **Kategismu**s: "Wat beteken dit vir jou om met die bloed van Christus gewas te wees?" en die antwoord: " sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe **en godvresend en onbesproke lewe"!**
Godvresend en onbesproke!

Kom ek verduidelik al die moeilike begrippe vir ons kinders met 'n illustrasie. (Skyfies)

Geliefde br. en sr en kind: God sien jou as volmaakte gehoorsame rolmodel vir alle mense in sy ryk! Dit is die genadeverkondiging van die evangelie: in Christus staan jy as volmaakte rolmodel van toegewyde gehoorsaamheid aan God. Dis die prentjie wat God sien as Hy nou jou en my kyk!
Waar kom ons aan die idee dat dit maar goed is as ons is soos ons is?

Maar daar nog meer genade! Want ek hoor wat jy in selfverdediging dink, br. en sr ! **Ontken ons die werklikheid van die gebroke bestaan waarin ons is**? **Nee, brs en srs, God ontken dit nie! Daarom het Hy aan elkeen in sy ryk die gawe van die Heilige Gees gegee! Ons teks sê baie duidelik: Gehoorsaamheid is ’n gawe van die Gees. God stel ons in sy koninkryk onder die heerskappy van sy Gees sodat ons nou in die krag van die Gees – en nie meer in ons eie gebroke en sondige krag nie – volmaakte gehoorsaamheid kan najaag! God het jou in staat gestel om dit te kan doen! Br en sr, ek en jy kan – ons kan gehoorsaam leef deur die Gees!**

God wil dat ons – as <u>eerste prioriteit</u> van ons lewe in sy koninkryk – die volmaakte prentjie van gehoorsaamheid uitleef. Daardie volmaakte lewe wat Christus kom teken het, en waartoe Hy ons in die regte verhouding met God kom stel het. Daardie lewe van gehoorsaamheid waarin God die Gees ons begelei deur sy kragtige leiding sodat ons volkome gehoorsaamheid sal soek!

Onthou julle nog Jesus se eerste preek voor die groot skares waar Hy die grondwet van sy koninkryk kom aankondig het met die Saligsprekinge toe Hy gesê het: “**Geseënd is die wat honger en dors na wat reg is**”. <u>Br en sr, geseënd is jy as jy met alles wat in jou is honger om gehoorsaam te wees, as jy dors om reg te doen! Dit is jou eerste en belangrikste prioriteit as burger in God se ryk!</u>

Gehoorsaamheid is nie om baie te praat en niks te doen, soos die Here ons Jakobus 1: 27 leer nie. Nee dit is woorde en dade! Ek bely **<u>en</u>** ek doen! Vir baie Gereformeerde lidmate is <u>die kern van hulle godsdiens net die suiwerheid van die leer waarin hulle glo</u> – maar om wat hulle bely toe te pas – dit maak nie saak nie! Daarom dat die Here in Jakobus sê: **“**Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld<u>." Gehoorsaamheid is om ’n suiwer leer te hê en dit prakties te doen!</u>

Gehoorsaamheid is ook nie wat die Skrifgeleerdes en Fariseërs gedoen het nie! In Matteus **"Mat 5:20**Ek sê vir julle: As julle getrouheid aan die wet nie meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en die Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie.” Want hulle het met m<u>enslike reëls en wettiese voorskrifte mense probeer dwing om gehoorsaam te wees</u> terwyl **<u>gehoorsaamheid gebore word uit die liefde vir God en liefde vir my medemens soos die Here ons geleer het met die groot gebod.</u>**

Omdat God ons so liefhet en ons in Christus nuwe mense gemaak het daarom het ons Hom lief en smag ons daarna om Hom gehoorsaam te wees en sy liefde ook aan ons naaste te bewys. Dan is ons soos die <u>regverdige van Psalm 1</u> wat sy vreugde vind in die wet God en sy vrugte dra. Dan <u>is jy soos Timoteus</u> vir wie Paulus aanmoedig “Maar jy,

man van God, moet van hierdie dinge af wegvlug. **Streef na opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde, volharding, minsaamheid."**

Kom ons sluit vanoggend se boodskap af met ’n laaste illustrasie: Hierdie woordjie “geregtigheid” of “gehoorsaamheid” van ons teks het verskeie **praktiese betekenisse op ander plekke in die Skrif wat ons nou op onsself kan toepas.**

As ek – volgens ons teksvers 18 “my aan Christus verslaaf” met volkome gehoorsaamheid wat vir my Vader vreugde bied en wat die toets teenoor ander mense sal deurstaan dan sal my lewe onder andere so lyk: (wys skyfie)

integriteit
Vroom
suiwere leefstyl
korrekte denke
soeke na die wil van God
getrou
vrygewig
regverdig

Dit is wat geregtigheid of gehoorsaamheid onder andere prakties beteken – so ons moet lewe! Gaan wees hierdie mens wat God jou gemaak het.

Die tema van die boodskap vanmore is dus: Geliefdes: God wil dat jy jou toewy aan gehoorsaamheid want dit is vir Hom een van die belangrikste sake in sy koninkryk! Maak dit ook jou prioriteit elke dag van jou lewe!

Amen